

Sondag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-7

Fokusgedeelte: Spreuke 1:3a (1933/53-vertaling)

Tug maak verstandig

Tug behels dat jy tereggewys word, dat jy reggehelp word. Mense hou egter nie hiervan nie. Mense hou nie daarvan om gesê te word nie. So dikwels hoor ons die woorde: “Ek gaan my deur niemand laat voorskryf nie.”

Die ironie is dat dit goed is vir ons om reggehelp te word. Hoe anders sal ons leer en groei? Ons leer mos uit ons foute. Wie nie bereid is om soms gesê te word nie, mis hierdie voordele van tug. Wysheid word nie verkry sonder tug nie. Om God se groot liefde vir sondaars in Christus te ontdek en te ontvang, is dit soms nodig dat jy gesê word. Jy moet immers eers jou sonde ontdek om werklik te besef watter groot genade God aan jou gegee het.

Die een ding wat in ons pad staan om reggehelp te word, is ons eie ek. Jou eie ek is egter saam met Christus doodgemaak en begrawe. Jy is bevry van jouself. Jy is vry van die angstigtheid dat dit afbreek aan jouself sal doen as ander jou teregwys. Die Heilige Gees lei jou om dit te ontdek. Hy beheer jou lewe en lei jou om reggehelp te word.

Tug behels nie net om deur ander tereggewys te word nie. Dit behels ook selftug. Voor jy nagmaal kan gebruik, moet jy eers selftug toepas. Slegs hy wat hom deur die Heilige Gees laat lei om selftug toe te pas, is gereed vir nagmaalgebruik.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)